SAKE 24 (Rapport)
13 Nov 2011, p.10

# Hoe kan getroudes hul deel van gesamentlike bates bemaak?



**RAAD MET JOU RANDE**
NICO VAN GIJSEN

'n Leser, Frans van Langebaan, wil weet of hy en sy vrou, met wie hy binne gemeenskap van goedere getroud is, afsonderlik sekere gemeenskaplike bates kan bemaak.

Kan hulle elkeen 'n testament opstel waarin elk oor sy/haar deel van die gemeenskaplike boedel kan beskik?

"Is dit moontlik om vooraf te besluit watter deel van die gemeenskaplike boedel 'n eggenoot kry en watter deel hy of sy erf?"

Ek aanvaar daar is nie bates wat in 'n voorhuwelikse kontrak of andersins uitgesluit is nie.

Indien wel, sou die een wat sulke uitgesluite bates besit, na wens daarmee kon handel.

Anders as met bates wat regtens spesifiek, uitgesluit is, het julle in alles 'n gelyke en onverdeelde belang.

Al het jy dit reggekry om die huis en die verband op jou naam geregistreer te kry, beteken dit niks.

Die regswerking van die Huweliksgoederewet (wet 88 van 1984) sê julle besit dit saam. Julle besit skuld ook saam.

Maar jy kan nie sê die huis is myne en die motors en meubels en beleggings is joune net omdat dit 'n gelyke waarde het nie.

My vrou is lief daarvoor om met vakansie 'n denkbeeldige lyn deur die *Landie* te trek en my in in te lig oor watter helfte hare is. Dit wissel afhangende van of sy my tweerigting-radio voorin wil stil hê, of beheer oor die yskas agterin wil uitoefen.

> In 'n huwelik binne gemeenskap van goedere besit elkeen die helfte van alles sonder om aanspraak op 'n spesifieke helfte te kan maak. Jy kan nie sê die huis is myne en die motors en meubels en beleggings is joune net omdat dit 'n gelyke waarde het nie.

Maar 'n huwelik binne gemeenskap van goedere werk nie so nie. Elkeen besit die helfte van alles sonder om aanspraak te kan maak op 'n spesifieke helfte.

Wat betref die leser se vraag: As julle alles aan mekaar bemaak, is daar mos geen rede waarom jy bekommerd moet wees oor wat jy kan bemaak en wat die ander gade reeds besit nie, of hoe? Hy of sy kry dan in elk geval alles.

As julle van die bates aan iemand anders as aan mekaar wil bemaak, is dit 'n ander storie. Dit is jou goeie reg, net soos wat dit hare is, om jou helfte van die gemeenskaplike bates te bemaak aan wie jy wil.

Die probleem tree in as die langslewende nie saamstem nie.

As ons 'n woonhuis as voorbeeld neem, gaan die langslewende óf 'n halwe huis (wat hy of sy reeds het) saam met iemand anders (jou erfgenaam) besit óf die huis gaan verkoop moet word en elkeen neem sy of haar helfte van die opbrengs.

Sou jy byvoorbeeld wel 'n huis só wou bemaak, stel ek voor dat jy in die testament inskryf dat jy die huis bemaak aan Neef Arkie en dat jy die restant (of wat ook al) van jou boedel aan jou vrou bemaak op voorwaarde dat sy haar halwe belang in die huis aan Neef Arkie afstaan.

Jy kan byna enigiets op so 'n voorwaarde bemaak, selfs al behoort dit aan iemand anders.

Die langslewende, of die ander party aan wie die bate behoort, het natuurlik altyd die reg om die voorwaarde te aanvaar, of nie. As dit nie aanvaar word nie, kan ons met die probleem van 'n intestate erfenis te doen kry.

Dit is altyd beter om by die opstel van 'n testament 'n kundige te raadpleeg, verkieslik 'n fidusière spesialis.

Byna alles is moontlik, maar alles het gevolge wat jy moet verstaan.

▶ *Nico van Gijsen CFP® is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com*